

**Vrydag 3 Maart**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Romeine 11:11-24**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22; Romeine 11:22**

**God se goedheid laat ons vriendelik wees**

Paulus verduidelik God se goedheid of vriendelikheid teenoor heidennasies (dit sluit ons wat nie-Jode is, in!) aan die hand van 'n beeld uit die destydse boerdery. Boere het, soos vandag, soms takke uit 'n boom verwyder en dan lote van 'n ander boom daar ingeënt.

Dit is wat met die heidene gebeur het wat tot bekering gekom het. Hulle het deel van God se olyfboom, sy volk, geword. Die wilde olyftakke het dit nie verdien om oorgeplant te word nie, maar God het dit gedoen omdat Hy goed is. "Goedheid" word ook met "vriendelikheid" vertaal. Sy goedheid het met 'n duur prys gekom. Sy eie Seun moes met sy bloed betaal sodat ons in die mak olyfboom ingeënt kon word.

As oorgeplante olyftakke word ons opgeroep om uit God se vriendelikheid te leef. Waar mens uit sy vriendelikheid leef, bring dit ook vriendelikheid in 'n mens se lewe voort. Dit gebeur nie omdat jy uit jouself so goed is nie, maar omdat God se Gees in mens werk. Vriendelikheid is deel van die vrug wat God se Gees in 'n gelowige werk.

'n Mens is nie van nature vriendelik teenoor iemand wat jou benadeel nie, maar God werk deur sy Gees in ons sodat ons selfs teenoor ons vyande vriendelik optree. So sien buitelanders iets van die goeie God se kragtige werking in ons lewens.

*Sing: Psalm 119:1 (1936)*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*